
The published call rate and deposit interest rates of the commercial banks and other banking institutions were kept at their deposit rate control maxima since 14 January 1974, but were raised by 1½ per cent effective from 1 June 1974 when Bank rate was also increased by 1 per cent to 7½ per cent and the pattern of rates quoted by the Reserve Bank was adjusted upwards between ¼ and 1 per cent.


### Government finance

#### Income, expenditure and surplus of public authorities

During the first quarter of 1974, both the fixed investment and consumption expenditure of the public authorities increased, whereas during most of 1973 only consumption expenditure rose and fixed investment tended to level off. As far as consumption ex-



### Gross fixed investment and consumption expenditure by public authorities



penditure is concerned, a different component was responsible for the further increase during the first quarter. Whereas the remuneration of employees accounted for most of the increase during 1973, expenditure on goods and other services, largely on defence, was solely responsible for the increase during the first quarter of 1974.

The sharp increase in the fixed investment by public authorities during the first quarter of 1974 resulted mainly from expenditure by their general departments on buildings, roads and bridges. Fixed investment by the business enterprises of public authorities, mainly the South African Railways and the Department of Posts and Telecommunications, increased only moderately during the first quarter, largely because of increased expenditure by the Department of Posts and Telecommunications.

Notwithstanding increased consumption expenditure the general departments of public authorities registered a record current surplus during the first quarter. This was the result of a substantial increase in current revenue. The principal revenue components contributing to this increase were direct taxes and

income from property. Higher receipts from gold mining leases and current surpluses of the Railways and the Department of Posts and Telecommunications were responsible for a record income from property figure during the relevant period.

#### Exchequer deficit smaller than anticipated

The substantial current surplus of the public authorities in 1973 and also in the first quarter of 1974 was reflected in a large surplus on the Revenue Account of the central government. This caused the Exchequer deficit of R402 million for the fiscal year that ended 31 March 1974 to be substantially smaller than the R1 100 million anticipated by the Minister of Finance in his Budget speech. It was also R240 million less than the deficit for the preceding fiscal year. The major factor responsible for this exceptionally large deviation from the Budget estimates, was the increase of 32 per cent in Exchequer receipts which was much higher than the estimated increase of 9 per cent. Exchequer issues, on the other hand, were only marginally above the 20 per cent increase provided for in the Budget.

Because of the smaller deficit, there was no need for the transfer of R351 million from the Stabilization

#### Exchequer finance

R millions

	Year ending 31 March		Quarter ended 31 Mar.
	1973	1974	1974
Total net receipts	3 182	4 205	1 290
Total net issues	3 824	4 607	1 552
Total deficit (excluding borrowing)	-642	-402	-262
Financing:			
Change in net indebtedness to:			
Foreign sector	83	-90	22
Private non-bank sector:			
Loan levies	-15	-12	-57
Other	445	116	23
Public Debt Commissioners	125	255	215
Paymaster-General	-27	—	—
Sub-total	611	268	203
Monetary banking sector:			
Change in holdings of government securities held by:			
S.A. Reserve Bank and NFC	27	420	52
Other monetary banking institutions	324	-43	-12
Change in Exchequer balance*	-319	-243	18
Sub-total	32	134	59
Total financing	642	402	262

\*Increase—, decrease+. Including net transfers to the Stabilization Account and to the IMF Deposit Account in respect of super gold tranche drawings.



Account to the Exchequer Account as originally proposed by the Minister of Finance. In financing the deficit, the government increased its net indebtedness to the Public Debt Commissioners, the private non-banking sector and the monetary banking sector by R255 million, R104 million and R134 million, respectively. At the same time, its net indebtedness to the foreign sector was reduced by R90 million.

The contribution of R134 million by the monetary banking sector to the financing of the Exchequer deficit, is derived by setting off against the increase of R377 million in holdings of government securities the rise of R243 million in Exchequer deposits with the banking sector. The Reserve Bank and the National Finance Corporation increased their holdings of government securities by R420 million, whereas other monetary banking institutions reduced theirs by R43 million.

The private non-banking sector's contribution of R104 million to the financing of the Exchequer deficit was relatively small compared with the R355 million and R430 million in the 1971/72 and the 1972/73 fiscal years, respectively. A reason for the smaller contribution during the fiscal year under review was the repayment of loan levies amounting to almost R80 million in March 1974 and of Treasury bonds amounting to R59 million in September 1973.

The Exchequer's position was even more favourable if it is taken into account that almost one-fifth of the total issues was made during March 1974 and that a large part of these disbursements was deposited with the Public Debt Commissioners who, in turn invested a further amount with the discount houses. This investment amounted to R130 million at the end of March 1974, but flowed back to the Exchequer during April and May.

#### *Increase in most revenue sources*

Almost all revenue items on the Revenue and Loan Accounts showed increases that were higher than the Budget estimates. Customs, excise and sales duty receipts, including those on the South West Africa Account, exceeded the budget estimates by R128 million or 16 per cent and were almost 19 per cent higher than in 1972/73. Inland revenue receipts, excluding those on the South West Africa Account, exceeded the Budget estimates by R513 million or 21 per cent. Included in the relevant receipts, however, were non-recurring transfers totalling R117 million from the Tax Reserve Account and the Foreign Currency Adjustment Account. Income tax collections were largely responsible for the substantial rise in inland revenue receipts and they were R553 million or 32 per cent higher than in the preceding fiscal year. Of this amount, R190 million represented an increase in tax collections from the gold mining industry. Loan Account receipts followed a pattern similar to that of Revenue Account receipts and were R72 million or

38 per cent higher than the Budget estimates and exceeded the corresponding figure for the previous fiscal year by R87 million. Of the latter increase, R51 million was attributable to higher gold mining leases and R13 million to receipts from diamond mines and export duties on diamonds.

#### **Capital market**

During the first quarter of 1974, capital market conditions tightened further because fixed investment expenditure of the public and private sectors increased while at the same time personal savings dropped sharply. Interest rates consequently moved to higher levels, but notwithstanding this development, stock exchange prices and activity increased markedly.

#### *Yields on fixed-interest securities at higher levels*

The demand-supply position in the market for fixed interest securities gave rise to higher yields during the first quarter of 1974, but the yields tended to stabilise at the higher levels. Thus, during the period February to April five new issues of semi-gilt-edged securities were successfully placed at a yield of 9,1 per cent or 0,8 per cent above the level in December 1973. The yields on both long-term government and company loan securities were raised by 0,25 per cent above the December 1973 levels, namely to 8,25 and 9,75 per cent, respectively.

The margin between the yields on long-term semi-gilt-edged and government stock widened from 0,3 per cent at the end of December 1973 to 0,8 per cent at the end of April 1974, and that between the yields on semi-gilt-edged and company loan securities narrowed from 1,2 per cent to less than one per cent, whereas the yield gap between company loan securities and government stock remained unchanged at 1,50 per cent.


An increase in the saving of the private corporate sector and in the current surplus of the central government reduced the need for these borrowers to raise funds in the market. The amount of R174 million borrowed during the first quarter was, therefore, smaller than the average quarterly amount of R232 million borrowed during 1973. Public corporations borrowed R85 million in the domestic market and a further R139 million in foreign markets.

#### *Share market active*


Stock exchange activity and prices of all classes of shares improved during the first quarter of 1974. In fact, the value of shares traded was more than double the amount for the fourth quarter of 1973 and about twice the average quarterly amount for 1973. The number of shares traded was also almost double that of the preceding quarter and substantially higher than the quarterly average for 1973. Increased foreign participation in the market contributed to the upsurge



Share prices



Number of shares traded on the Johannesburg Stock Exchange



in turnover. New listings on the stock exchange were well received and the pre-listing offers preceding these listings were oversubscribed.

The overall price index for all classes of shares rose by 29 per cent from December 1973 to March 1974 and individual classes of share prices registered increases ranging from 13 to 59 per cent. The major contributing factor to the higher level of prices was the strongly rising gold price in the private market,

Turnover on Johannesburg Stock Exchange

	1973		1974
	Fourth quarter	Quarterly average	First quarter
Number of shares traded (1963=100)	175	223	325
Value of shares traded (Rm):			
Total	264	322	635
Gross purchases by foreigners	60	61	107
Net purchases by foreigners	-9	-8	-5

which led to increases of 59 per cent and 47 per cent, respectively, in the prices of gold mining and mining financial shares. During April the overall and gold mining price indices recorded further increases of 4 and 15 per cent, respectively.

The average dividend yield on all classes of shares declined from 5,6 per cent in December 1973 to 5,0 per cent in March 1974 and this decline of 11 per cent was noticeably smaller than the average increase of 29 per cent in the prices of all classes of shares. This indicates that the effect of the rising prices on the dividend yield had been partly offset by higher dividend payments. The decline in the overall dividend yield and the increase in the yield on long-term government stock caused the inverse yield gap between the latter and the former yields to widen from 2,36 per cent in December 1973 to 3,21 per cent in March 1974. During April the dividend yield for all classes of shares, in fact, showed a marginal increase notwithstanding a further rise in the overall share price index.


Decline in the flow of funds to deposit-receiving and related institutions

The flow of funds to banking institutions, building societies and participation mortgage bond schemes, in the form of an increase in savings and long-term deposits, building society shares and deposits and investments in mortgage participations, was slightly smaller during the first quarter of 1974 than during the last quarter of 1973. This lower inflow of funds represented a continuation of the declining trend that had been evident from the third quarter of 1973.

Although the inflow of about R240 million to the relevant institutions during the first quarter was only marginally lower than the amount of R254 million recorded during the fourth quarter of 1973, the relative share of the institutions in the amount of new funds changed markedly. Whereas the relative share of banking institutions amounted on average to about 32 per cent during 1973, it declined to 6 per cent during the first quarter of 1974. The building societies' share increased from an average of 58 per cent in 1973 to 78 per cent in the first quarter and the corresponding increase of the participation mortgage bond



**Net inflow of new funds**



schemes was from 10 to 16 per cent.

As indicated by the change in the relative share in new funds, banking institutions experienced a sharp decline in additions to their savings and long-term deposits, namely from R91 million during the fourth quarter of 1973 to R15 million during the first quarter of 1974. However, part of this decline was brought about by a shift from long-term to shorter term deposits. Building societies, on the other hand, had an inflow of R189 million during the first quarter which was well in excess of the R125 million for the preceding quarter. The increase in the societies' deposits and shares, therefore, remained at a high level, notwithstanding the overall decline in longer term funds. The societies' intake of new funds, however, decreased noticeably to only R20 million during April.

Because of the smaller overall supply of deposit-type funds, an upward pressure developed on deposit interest rates. This was recognised by the authorities

when the controlled maximum deposit interest rates for various classes of deposits and building society shares (excluding subscription and tax-free shares) were raised by 1 per cent on 14 January 1974 and further by 1½ per cent as from 1 June 1974. Rates on subscription and tax free shares were increased by 1 per cent effective 1 June 1974.

*Decline in mortgage advances granted by building societies*

Although the flow of funds to the building societies during the first quarter of 1974 was substantially higher than during the preceding quarter, new mortgage advances granted were nevertheless reduced to below the level of the fourth quarter of 1973. The decline in the general availability of longer term deposit funds induced the societies to adopt a more cautious lending policy. Thus, the rate on mortgage loans for dwellings was raised from 8,5 to 9,25 per cent in January and part of the societies' available resources was used to reduce their liability in respect of advances granted but not yet paid out, by R33 million. The societies also added to their holdings of liquid assets, and their excess liquid assets above the statutory minimum increased to 3,4 per cent of their liabilities to the public at the end of March 1974, compared with a ratio of 2,5 per cent at the end of 1973. At the same time, the societies effected a reduction of R59 million in their holdings of assets that formerly ranked as "other prescribed investments."

On 5 June the building societies announced an increase in the mortgage rate on dwellings to 10,5 per cent and at the same time the government announced an increase in the state subsidy on mortgage rates of up to 2 per cent above 8,5 per cent.



# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Algemene opmerkings

Verskeie ekonomiese aanwysers toon dat alhoewel die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid, wat vanaf ongeveer die begin van die vierde kwartaal van 1972 versnel het, teen die einde van 1973 en die begin van 1974 geneig het om te verlangsaam, dit nog op 'n hoë peil gebly het. Sowel fabriekswese- as mynbouproduksie het gedurende die laaste maande van 1973 en die eerste paar maande van 1974 'n neiging tot afplatting in hulle groei-koerse getoon. In die geval van die fabrieksproduksie is die verlangsaaming in die koers van toename nie verrassend nie, in die lig daarvan dat dit nie verwag kon word dat die hoë koers van toename van 9,0 persent wat in 1973 behaal is, onbepaald voortgesit sou word nie, omdat produksiefaktore almeer ten volle beset is in verskeie afdelings van die nywerheid. In die geval van die nie-goudmynbou is die afplatting in die produksie hoofsaaklik veroorsaak deur vervoerprobleme en produksievertraginge wat uit vloedskades voortgespruit het en was dus van 'n tydelike aard, terwyl die goudmynbouproduksie gedurende die eerste kwartaal van 1974 teen 'n vinniger koers gedaal het hoofsaaklik omdat die ontginning van laergraadse erts moontlik gemaak is deur die verdere skerp toename in die prys van goud op die private mark. Sekere eksterne ontwikkelings soos die nadelige invloede van die oliekrisis, die algemene finansiële en politieke onstabiliteit in die wêreld, die verlangsaaming in die ekonomiese groei-koers van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote, en 'n skaarste aan sekere grondstowwe, het ook tot die neiging tot verlangsaaming in Suid-Afrika se groei-koers bygedra. Aansienlike verdere toenames in produksie is egter aangeteken deur die sektore landbou, elektrisiteit, gas en water, konstruksie, en die klein- en groothandel, wat almal tot die verdere styging in die reële bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van die jaar bygedra het.

Alhoewel die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk gedurende die vierde kwartaal van 1973 en die eerste kwartaal van 1974 verminder het vanaf die piek wat gedurende die derde kwartaal van 1973 bereik is, is die groei-koers nog steeds op 'n betreklik hoë peil. 'n Uitstekende groeijaar word in werklikheid vir 1974 verwag in die lig van omstandighede soos die verwagte buitengewoon goeie ooste, die hoë prys van goud en ander uitvoerkommoditeite, groot investeringsprogramme van die openbare owerhede en korporasies, die uitbreiding van vaste investering deur die private fabriekswese en die toename in die vraag wat behoort voort te spruit uit salaris- en loonsverhogings. In die lig van die lae ekonomiese groei-koerse wat gedurende 1974 in die meeste nywerheidslande verwag word, behoort Suid-Afrika se groei-koers in 1974 baie gunstig met die res van die wêreld te vergelyk. 'n Groei-koers van meer as 1 persent bo die

taakstellingsgroei-koers van  $5\frac{3}{4}$  persent van die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram word in werklikheid vir 1974 verwag.

Suid-Afrika se betalingsbalans vergelyk ook gunstig met dié van die meeste ander lande in die wêreld. Terwyl groot tekorte, hoofsaaklik as gevolg van die aansienlike stygings in die prys van olie, in baie lande verwag word, het Suid-Afrika se betalingsbalans groot voordeel getrek uit die gelyktydige styging in die prys van goud, met die gevolg dat dit, ten spyte van die hoër olierekening en die toename in die waarde van ander invoere wat verband hou met die hoë peil van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en wêreldinflasie, nog steeds op 'n gesonde voet verkeer, met totale goud- en ander buitelandse reserwes wat aan die einde van Maart 1974 R1 068 miljoen bedra het. Trouens, die tekort op die lopende rekening het afgeneem vanaf R226 miljoen in die vierde kwartaal van 1973 tot ongeveer R60 miljoen in die eerste kwartaal van 1974, en terselfdertyd het die klein netto uitvloeiing van kapitaal wat gedurende die vierde kwartaal van 1973 aangeteken is, verander na 'n netto invloeiing van ongeveer R140 miljoen in die eerste kwartaal van 1974. Hierdie verandering in die kapitaalrekening is hoofsaaklik teweeggebring deur 'n vermindering van die uitvloeiing van korttermyn private kapitaal wat op sy beurt weer hoofsaaklik aan die volgende faktore toegeskryf kan word: (1) die ongegronde spekulاسie betreffende 'n moontlike devaluasie van die rand teen die einde van 1973 en vroeg in 1974 het verdwyn en die vervroegings en vertraginge in buitelandse betalings en ontvangstes het in Suid-Afrika se guns gedraai; (2) addisionele binnelandse bankkrediet het moeiliker bekombaar geword en dit het die omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansiering moeiliker gemaak; en (3) Suid-Afrikaanse rentekoerse is verhoog en die marge tussen hierdie koerse en die heersende koerse in die buiteland het in sommige gevalle vernou.

Die monetêre en banktoestand is gekenmerk deur 'n voortgesette skerp styging in geld, kwasi-geld en bankkrediet tot Februarie 1974, maar daarna het bankkrediet aan die private sektor gedurende Maart en April afgeplat. Die likwiditeitsposisie van die banke het gedurende Januarie en Februarie 1974 aansienlik verswak, en wat die handelsbanke betref ook gedurende Maart, en tekorte in die werklike, teenoor die vereiste, likwiede bates is vir die eerste keer sedert die inwerkingtreding van die Bankwet van 1965 aangeteken. Nadat die geldmarktoestand gedurende Januarie en Februarie en weer vir 'n paar dae teen die einde van April aansienlik vernou het, het dit ná die eerste paar dae van Mei aansienlik verruim, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere skerp afname in regeringsdeposito's. Teen die einde van Mei het die banke se likwiditeitsposisie in so 'n mate verbeter dat meeste aan die likwiede bate-voorskrifte voldoen het.



Die toestand op die kapitaalmark het gedurende die eerste kwartaal van 1974 ook vernou en rentekoerse het tot hoër vlakke beweeg. Op 30 Mei het die Reserwebank verhogings aangekondig in 'n aantal beheerde rentekoerse, insluitende 'n verhoging van 1 persent in die Bankkoers, 'n verhoging van  $1\frac{1}{2}$  persent in meeste voorgeskrewe maksimum depositokoerse en opwaartse aanpassings van tussen  $\frac{1}{4}$  en 1 persent in die stel koerse wat vir staatseffekte gekwoteer word. Hierdie aanpassings word geag om nie alleen in belang van ekonomiese stabiliteit en 'n sterk betalingsbalans te wees nie maar ook in belang van voortgesette snelle ekonomiese groei. Die verantwoording vir hierdie verandering is gegee in 'n verklaring wat deur die President uitgereik is en wat elders in hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer word.


Die hoë koers van inflasie bly in Suid-Afrika, soos ook elders in die wêreld, een van die mees dringende probleme waarmee die owerhede te doen het. Gedurende 1973 het die verbruikersprysindeks met 10,0 persent gestyg maar vanaf April 1973 tot April 1974 'n effens laer styging van 9,6 persent getoon. Die versnelling in die koers van toename wat in die vierde kwartaal van 1973 voorgekom het, is nie gedurende die eerste vier maande van 1974 voortgesit nie maar ongeveer dieselfde hoë koers van toename is aange-teken. 'n Opvallende kenmerk van prysneigings vroeg in 1974 was die skerp versnelling in die koers van toename in die groothandelspryse van ingevoerde goedere.

## Nasionale rekeninge

### *Laer koers van toename in die reële bruto binnelandse produk*

Nadat dit in die derde kwartaal van 1973 'n baie hoë vlak bereik het, het die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk gedurende die vierde kwartaal van 1973 en die eerste kwartaal van 1974 tot 'n laer vlak gedaal. Die groeiakoers is nietermin nog steeds hoog en 'n uitstekende ekonomiese groeiakoers word vir 1974 verwag. Die verlangsamings in die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk ná die derde kwartaal van 1973 was nie onverwags nie in die lig van oorwegings soos die meer volledige besetting van die produksie- en arbeidskapasiteit en internasionale ekonomiese onsekerhede, met insluiting van probleme wat met die aanbod van olie en ander grondstowwe in verband staan. Die huidige algemene verlangsamings in die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid wat deur Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote ondervind word, sal moontlik ook 'n invloed op die groei in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid uitoefen maar aangesien hierdie eksterne kragte gewoonlik tyd nodig het om die Suid-Afrikaanse ekonomie te beïnvloed, sal die groeiakoers vir 1974 baie gunstig vergelyk met dié van die meeste ander nywerheidslande. 'n Groeiakoers

## Bruto binnelandse produk



word verwag wat betekenisvol hoër sal wees as die taakstellingskoers van  $5\frac{3}{4}$  persent wat deur die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram gestel is, ten spyte van 'n verdere afname in die volume van die goudproduksie.

Teen heersende markpryse het die koers van toename in die bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1974 verder versnel. Hierdie versnelling kon weer eens feitlik geheel en al aan 'n groot styging in die bruto bedryfsurplus, veral van die sektore landbou, mynbou, fabriekswese, en die groot- en kleinhandel, toegeskryf word. Die vergoeding van werknemers het slegs matig gestyg.

### *Verdere toename in bruto binnelandse vraag*

Nadat dit teen 'n buitengewoon hoë koers gedurende die vierde kwartaal van 1973 gestyg het, het die totale binnelandse vraag, soos gemeet deur bruto binnelandse besteding, gedurende die eerste kwartaal van 1974 aansienlik verder gestyg alhoewel die koers van toename laer was. Belangrike veranderinge het egter voorgekom in die koers van toename van die komponente van die bruto binnelandse besteding oor die afgelope twee kwartale. Waar die koers van toename in totale verbruik en vaste investeringsuitgawes gedurende die eerste kwartaal van 1974 effens versnel het, het skommelings in voorraad-investering die koers van toename van die totale monetêre vraag laat daal. Nadat netto toevoegings tot voorrade vanaf 'n afname in die derde tot 'n aansienlike toevoeging in die vierde kwartaal verander het, en sodoende aansienlik tot die koers van toename in totale vraag bygedra het, het dit gedurende die eerste kwartaal van 1974 min verandering getoon, d.w.s. dit het gebly op die hoë peil wat in die vierde kwartaal van 1973 bereik is. In die geval van die ander vernaamste bestedingskomponente het die koers van toename in die private verbruiksbesteding




en die bruto binnelandse vaste investering min of meer dieselfde gebly, terwyl die van die owerheidsverbruksbesteding versnel het. Die koers van toename in die totale monetêre vraag het nietemin gedurende die eerste kwartaal van 1974 op 'n hoë vlak gebly.

Die feit dat die koers van toename in die bruto binnelandse besteding laer was as dié in die bruto binnelandse en die nasionale produk is ook weerspieël in 'n duidelike afname in die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf die vierde kwartaal van 1973 tot die eerste kwartaal van 1974.

#### *Private verbruiksbesteding*

Die koers van toename in die private verbruiksbesteding teen sowel heersende as konstante pryse het tussen die vierde kwartaal van 1973 en die eerste kwartaal van 1974 nie wesenlik verander nie. Teen

#### **Private verbruiksbesteding teen konstante 1963-pryse**



heersende pryse is opmerklike toenames aangeteken in die besteding aan nie-duursame en semi-duursame goedere, veral motorbrandstof en -olie en klerasie en skoeisel. Aansienlike toenames in die pryse van hierdie artikels was egter hoofsaaklik vir die verhoogde besteding verantwoordelik. Die reële besteding aan semi-duursame goedere het gedurende die eerste kwartaal van 1974 in werklikheid slegs marginaal toegeneem teenoor 'n betreklik hoë koers van toename gedurende die voorafgaande vier kwartale, terwyl die reële besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste die gewone matige styging getoon het.

Die besteding aan duursame goedere teen sowel heersende as konstante pryse het vir die tweede agtereenvolgende kwartaal gedaal. Hierdie dalings is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n afname in die waarde van en aantal nuwe motors verkoop as gevolg van die uitwerking van owerheidsmaatreëls om brandstofverbruik deur motoriste te beperk. Die aantal nuwe motors verkoop het egter, na die skerp daling in Desember, gedurende die eerste kwartaal van 1974 weer toegeneem. Die reële besteding aan meubels, wat gedurende die laaste helfte van 1973 'n opmerklike toename getoon het, het gedurende die eerste kwartaal van 1974 ook gedaal. Die betreklik stadige koers van toename in die reële private verbruiksbesteding, en die afname in die besteding aan duursame goedere in die besonder, kan in die algemeen toegeskryf word aan die laer koers van toename in die reële inkome van 'n groot gedeelte van die bevolking.

#### *Versnelling in owerheidsverbruiksbesteding*


Nadat dit gedurende die tweede en derde kwartale van 1973 baie skerp toegeneem het, het die owerheidsverbruiksbesteding gedurende die vierde kwartaal van 1973 'n laer koers van toename getoon, maar gedurende die eerste kwartaal van 1974 sy sterk opwaartse neiging hervat. In teenstelling met ontwikkelings gedurende 1973, toe toenames in salarisse en lone tesame met hoër pryse vir goedere en ander dienste vir die grootste deel van die skerp toename in die totale lopende owerheidsuitgawes verantwoordelik was, is die verdere styging gedurende die eerste kwartaal van 1974 hoofsaaklik weerspieël in verhoogde besteding aan goedere en ander dienste. Alle vlakke van die owerheid, vanaf die sentrale regering tot plaaslike besture, het tot die verdere toename in die owerheidsverbruiksbesteding bygedra.

#### *Verdere opwaartse neiging in bruto binnelandse vaste investering*

Die bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse het gedurende die eerste kwartaal van 1974 voortgegaan om teen dieselfde betreklik hoë koers as gedurende die tweede helfte van 1974 toe te neem. Die verdere toename wat gedurende die eerste kwartaal van 1974 aangeteken is, was ongeveer eweredig tussen geboue en konstruksiewerke



## Bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse



aan die een kant, en vervoertoerusting, masjinerie en ander toerusting aan die ander kant, verdeel.

Gedurende die eerste kwartaal van 1974 is dieselfde hoë koers van toename as gedurende die vorige kwartaal in die vaste kapitaalbesteding deur die private sektor aangeteken, met belangrike bydraes deur die landbou, die goud- en ander mynbou, en woningbou. Die verwagte groot landbou-oeste het boere aangespoor om meer kapitaaltoerusting aan te koop en die goud- en nie-goudmyne het hulle kapitaalbesteding verhoog om die voordele van die hoër pryse van goud en ander minerale te benut. Vaste investe-

ring deur die private fabriekswesesektor het gedurende die eerste kwartaal van 1974 nie veel verder toegeneem nie maar op die hoë vlak gebly wat gedurende die vierde kwartaal van 1973 bereik is. Die jongste kwartaalsyfers gee nou bevestiging van 'n besliste opswaai in die vaste investering van die private fabriekswesesektor vanaf die derde kwartaal van 1973, dit wil sê vir drie opeenvolgende kwartale.

Vaste investering deur openbare korporasies, wat dikwels groot kwartaallike skommelings toon, het gedurende die eerste kwartaal van 1974 aansienlik gedaal maar hierdie daling is geheel en al geneutraliseer deur 'n opmerklike toename in die kapitaalbesteding van openbare owerhede. Nadat dit gedurende die verloop van 1973 'n dalende neiging getoon het, het die vaste investering aan gemeenskaps- en sosiale dienste deur openbare owerhede gedurende die eerste kwartaal van 1974 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde besteding aan geboue deur die sentrale regering en aan paaie deur die provinsiale administrasies. Kapitaalluitgawes deur regeringsakeondernemings soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en die Departement van Poswese en Telekommunikasie het gedurende die eerste kwartaal van 1974 nie wesenlik verander nie.

### Voorraadinvestering

Die boekwaarde van totale voorrade het weer gedurende die eerste kwartaal van 1974, soos in die vierde kwartaal van 1973, 'n groot styging getoon. Aansienlike toevoegings tot nywerheids- en handelsvoorrade was feitlik geheel en al vir die groot styging gedurende die afgelope kwartaal verantwoordelik. Die groot toevoegings tot voorrade gedurende die afgelope twee kwartale het gelei tot 'n ommekeer in die dalende neiging van die verhouding van nie-landbouvoorrade tot die vergelykbare bruto binnelandse produk sedert die begin van 1971 en klein stygings is in sowel die vierde kwartaal van 1973 as die eerste kwartaal van 1974 aangeteken.

### Toename in bruto binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing, wat gedurende die derde en vierde kwartale van 1973 skerp gestyg het vanaf die lae peil gedurende die tweede kwartaal van 1973, het gedurende die eerste kwartaal van 1974 aansienlik verder gestyg maar was nogtans steeds onvoldoende om totale binnelandse investering te finansier. Die toename in totale binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal is in hoofsaak toe te skryf aan groter maatskappybesparing as gevolg van hoër winste en 'n verdere styging in die lopende surplus van die algemene owerheid, wat onder meer deur hoër belastingontvangstes meegebring is. Met die voorsiening vir waardevermindering wat sy normale toename getoon het, wil dit voorkom asof persoonlike besparing gedurende die eerste kwartaal van 1974 tot 'n baie lae vlak gedaal het.



Algemene ekonomiese aanwysers

Nasionale rekeninge-gegewens en verskeie ander ekonomiese aanwysers gee die indruk dat die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid, wat teen die einde van 1972 begin styg het, nie voortgegaan het om verder te *versnel* gedurende die vierde kwartaal van 1973 en die eerste kwartaal van 1974 nie maar nogtans op 'n hoë vlak gebly het. 'n Aantal

Algemene ekonomiese aanwysers




aanwysers dui daarop dat nadat die groeikoers vir meer as 'n jaar aanhoudend versnel het, die Suid-Afrikaanse volkshuishouding 'n stadium bereik het, veral gedurende die eerste kwartaal van 1974, waar baie afdelings van die nywerheid teen 'n hoë peil van benutting van produksie-kapasiteit gewerk het en die arbeidstoestand strammer geword het.

Ander algemene ekonomiese aanwysers soos die aantal verbande geregistreer, die waarde van transaksies in vaste eiendom, en bankdebette, toon ook dat die hoë koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid wat gedurende die grootste deel van 1973 ondervind is, nie gedurende die eerste kwartaal van 1974 gehandhaaf is nie. Dieselfde algemene neiging is waargeneem by die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs. Ná 'n skerp afname vanaf 13 267 in Oktober 1972 tot 9 118 in November 1973, het die aantal werkloses slegs matig verder afgeneem tot 8 755 in Maart 1974.

Fabriekswese en konstruksie

Nadat die volume van fabrieksproduksie gedurende 1971 en 1972 teen 'n lae koers gestyg het, het dit gedurende 1973 teen 'n baie bevredigende koers van 9,0 persent toegeneem. Hierdie hoë groeikoers was veral opmerklik gedurende die eerste elf maande van 1973 maar het geneig om gedurende die daaropvol-

Fisiese volume van produksie





gende vier maande af te plat. Gedurende die vier maande geëindig Maart 1974 was die vlak van produksie nietemin nog 8,3 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

In teenstelling met die verandering in die neiging van produksie, het die waarde van onvoltooide bestellings tot Februarie 1974 aangehou om te styg. Die meer gelyke verloop is moontlik veroorsaak deur die tekort aan sekere grondstowwe en die invloed van die olie-krisis, asook deur die feit dat sekere afdelings van die fabriekswesesektor tans werk teen 'n peil wat ná aan volle kapasiteit is. Laasgenoemde word bevestig deur die verdere toename en die hoë peil wat aangeteken is in die persentasie kapasiteitsbenutting in die fabriekswese, soos bereken deur die Departement van Statistiek.

Wat die arbeidstoestand betref is dit betekenisvol om daarop te let dat oortydure as persentasie van gewone ure gewerk in die fabriekswese aangehou het om te styg tot Desember 1973 (die jongste syfer beskikbaar), en dat die totale aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs in Maart 1974 die lae vlak van 8 755 bereik het, wat albei daarop dui dat die arbeidstoestand die afgelope tyd strammer geword het.

Soos voorheen reeds genoem, het die vaste investering van die private fabriekswese vir die drie opeenvolgende kwartale vanaf die derde kwartaal van 1973 'n duidelike opswaai getoon, en alhoewel daar 'n tydsloering tussen 'n toename in die vaste investering en hoër produksie bestaan, lyk die vooruitsigte vir 'n verdere uitbreiding van die produksie goed te wees.

Ná 'n stadige herstel vanaf die begin van 1973, het die bou- en konstruksiebedrywigheid gedurende die laaste drie kwartale van die jaar opmerklik toegeneem en volgens voorlopige inligting is hierdie opwaartse neiging gedurende die eerste kwartaal van 1974 voortgesit. Die opswaai in die bou- en konstruksiebedrywigheid blyk uit die verloop van reekse soos die totale aantal ure gewerk, groothandelsverkope van boumateriaal, sementproduksie, die waarde van bouplanne goedgekeur en, in 'n mindere mate, die waarde van geboue voltooi.

### *Mynbou*

Die volume van die mynbouproduksie, wat gedurende die eerste drie kwartale van 1973, taamlik skerp gestyg het, het gedurende die vierde kwartaal en die eerste twee maande van 1974 afgeplat. Hierdie afplatting gedurende die vyf maande tot Februarie 1974 was die netto resultaat van 'n vinniger koers van afname in die volume van die goudproduksie en 'n stadiger groeikoers van die nie-goudmynbouproduksie.

Nieteenstaande 'n toename in die volume gouderts gemaak sedert die tweede kwartaal van 1972, het die volume van die goudproduksie 'n aanhoudende afname getoon as gevolg van 'n verlaging van die graad van erts gemaak. Dit is op sy beurt weer moontlik gemaak deur

die skerp styging in die prys van goud op die private mark. In die eerste kwartaal van 1974 was die aantal kilogramme goud geproduseer byvoorbeeld 9,6 persent laer as dié wat gedurende die eerste kwartaal van 1973 geproduseer is terwyl die volume van goud geproduseer gedurende die 1973-kalenderjaar 5,8 persent minder was as gedurende die vorige jaar.

Die volume van die nie-goudmynbouproduksie het in Januarie 1974 skerp afgeneem en in Februarie slegs gedeeltelik herstel. Die vernaamste oorsaak van die afname was blykbaar vervoerprobleme en produksievertragings as gevolg van vloedskade aan die begin van 1974. Gedurende die eerste twee maande van 1974 was die gemiddelde nie-goudmynbouproduksie ietwat onder die vlak van die vierde kwartaal van 1973 maar nogtans 10,7 persent hoër as gedurende die eerste twee maande van 1973.

### *Handel*

Die toestand in die groot- en kleinhandel het gedurende die eerste kwartaal lewendig gebly. Skerp stygings het in sowel die groot- as die kleinhandelsverkope voorgekom, veral teen heersende pryse. Dit is egter betekenisvol dat die besteding op meubels en huishoudelike toebehore in Februarie en Maart 1974 skerp afgeneem het. Dit is moontlik veroorsaak deur die meer beperkte krediettoestand gedurende die eerste kwartaal van 1974 en deur die koopkragverminderende uitwerking van die hoë inflasiekoers op die verbruikers.

As gevolg van 'n aanvanklike oor-reaksie met betrekking tot die olie-krisis, het die aantal motorvoertuie verkoop in Desember 1973 skerp gedaal maar het gedurende die volgende vier maande merkwaardig herstel. Die aantal nuwe motorvoertuie verkoop gedurende die eerste vier maande van 1974 was nietemin nog ietwat minder as die aantal wat gedurende dieselfde tydperk 'n jaar gelede verkoop is.

### *Pryse*

Een van die dringendste ekonomiese probleme in Suid-Afrika, net soos elders in die wêreld, is nog steeds die baie hoë koerse van prysstygings.

Gedurende die eerste kwartaal van 1974 het die koers van toename van die gemiddelde verbruikersprysindeks op dieselfde hoë vlak wat in die vierde kwartaal van 1973 bereik is, gebly. Vanaf April 1973 tot April 1974 het die verbruikersprysindeks met 9,6 persent gestyg. Uiteenlopende neigings kon egter in die koers van toename van verskeie komponente van die indeks waargeneem word. Die pryse van voedsel het gedurende Januarie en Februarie gedaal, hoofsaaklik as gevolg van dalings in die pryse van groente en vrugte, maar gedurende Maart en April weer gestyg. Die maandelikse gemiddelde pryse van alle goedere uitgesonderd voedsel, het egter tussen die



Verbruikerspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse

	1ste kw. 1973 tot 2de kw. 1973	2de kw. 1973 tot 3de kw. 1973	3de kw. 1973 tot 4de kw. 1973	4de kw. 1973 tot 1ste kw. 1974	April 1973 tot April 1974
Dienste . . . . .	2,3	2,0	1,6	1,8	8,1
Behuising . . . . .	2,5	1,5	1,3	1,9	7,7
Ander . . . . .	1,9	3,0	2,3	1,5	8,9
Goedere . . . . .	2,1	1,5	3,3	3,0	10,4
Voedsel . . . . .	3,7	1,2	4,5	1,3	9,1
